# WorksheetCloud.com - Memorandum

**Vak:** Graad 9 Afrikaans: Huistaal
**Onderwerp:** Afrikaans Huistaal: Eksamen Kwartaal 2
**Totaal:** 104 Punte

---

1. syfers | rangorde — 4 punte

**Verduideliking:**
Dui dit 'n **rangorde** aan, is dit ‘n **rangtelwoord** en as jy dit **nie** in syfers kan uitdruk **nie**, kan dit nie **bepaal** word nie.

---

2. metafoor | personifikasie — 4 punte

**Verduideliking:**
**Ruan <u>is</u> 'n wolf**. Ruan word met 'n wolf vergelyk, maar hier word hy gelykgestel aan 'n wolf sonder om *soos* te gebruik. Dit is dus 'n metafoor.

**Die saaglem <u>sing</u> deur die ysterstaaf.** Die saaglem word beskryf met 'n menslike eienskap, dus is dit personifikasie.

---

3. metafoor — 3 punte

**Verduideliking:**
**Haar hartklop <u>is</u> 'n dawerende hoefslag.** *Hartklop* word gelykgestel aan *dawerende hoefslag* <u>sonder soos</u>, dus is dit 'n metafoor.

---

4. C: kappie — 4 punte

**Verduideliking:**
Die volgende vokale (ook klinkers genoem) kan ’n kappie hê: **e, i, o en u.**

Die kappie word gebruik om 'n uitgerekte lang klank aan te dui. Byvoorbeeld: môre, brûe, lê

---

5. D: kwartel — 4 punte

**Verduideliking:**
**Sy is so doof <u>soos</u> 'n kwartel** is 'n vaste uitdrukking (*vergelyking*) wat 'n sterker woordprent skep deur die beeldspraak.

---

6. klein maer | "klein maer" — 3 punte

**Verduideliking:**
Die voorwerp in die sin is **"hondjie".** Die woorde "klein" en "maer" beskryf die hondjie.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

---

7. B: Die kinders sing 'n liedjie mooi. 4 punte

**Verduideliking:**
Wanneer daar na die **bedrywende sin** gekyk word, is daar sekere eienskappe wat opgemerk kan word, spesifiek as daar gekyk word na die **werkwoorde - het, is** of **was + ge-.**

---

8. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
As iemand in die pad gesteek is beteken dit dat hulle afgedank is by hulle werk.

---

9. Die seuns sal rugbyspelers in die winter wees. 3 punte

**Verduideliking:**
**Toekomende sinne** kom nog, is amper ‘n wens of ‘n vooruitskatting. (sal, gaan...)

Die hulpwerkwoord "is" word vervand met "sal" en "wees" staan aan die einde van die sin.

---

10. waar 2 punte

**Verduideliking:**
**So glad <u>soos</u> seep** is 'n *vergelyking* wat as vaste vorm gebruik word.

---

11. Haar sussie **|** is elke dag **|** deur Susan **|** opgepas 8 punte

**Verduideliking:**
**Haar sussie is elke dag deur Susan opgepas.**

In die **Lydende Vorm** verander werkwoord 1 soos volg: Verlede Tyd - ***is***
In die **Lydende Vorm** verander werkwoord 2 soos volg: Verlede Tyd - ***ge+werkwoord***

**Voornaamwoorde** verander sodat die betekenis dieselfde bly.

---

12. Tussenwerpsel | 'n Uitroep of uiting wat alleen kan staan, word 'n tussenwerpsel genoem. 3 punte

**Verduideliking:**
**'n Tussenwerpsel** is 'n uitroep wat emosies/gevoelens uitdruk. Dit kan gebruik word om **emosies** soos *verskrikking, opgewondenheid* of *jammerte* te beskryf.

---

13. C: Hy kies die hasepad. 4 punte

**Verduideliking:**
Die haas word eeue lank beskou as 'n vreesbevange dier en in die ou tyd het hulle 'n lafaard ook 'n haas genoem.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

---

14. word | "word" 3 punte

**Verduideliking:**
**Koppelwerkwoorde** word gebruik waar daar **koppeling** van die werkwoord nodig is.
Voorbeelde:

• Die vrou **is** haastig. (Koppeling tussen "Die vrou" en "haastig").

---

15. waar 2 punte

**Verduideliking:**
Elke **soort** sin het 'n spesifieke funksie: **Uitroep, vraag, stelling en bevel.**

---

16. : **|** " **|** , **|** ! **|** . 10 punte

**Verduideliking:**
'n **Bevelsin** is 'n versoek of bevel, bv. "Gaan haal my boek." , "Lees die teks en beantwoord die volgende vrae.", "Steek jou hand op wanneer jy die antwoord ken!"
So 'n sin het gewoonlik, maar hoef nie altyd, 'n uitroepteken te hê nie.

---

17. A: dubbelpunt 4 punte

**Verduideliking:**
**Lees- en skryftekens:**

**Leestekens** staan altyd **tussen woorde** en **skryftekens** is **deel van die woord.**

---

18. A: twee 4 punte

**Verduideliking:**
As twee sinne saamgevoeg word, het elkeen sy **eie sinsdele** wat in die **saamgestelde sin** opgeneem word. 'n Saamgestelde sin het dus altyd twee gesegdes.

---

19. voeg **|** saam 4 punte

**Verduideliking:**
**Voegwoorde** lyk gewoonlik kort en onbeduidend, maar het 'n groot invloed op die betekenis van die sin. Vergelyk byvoorbeeld die volgende drie sinne:

Hy ***nog*** sy hou van Hans.
Ek ***en*** hy hou van Hans.
Ek ***of*** hy hou van Hans.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

20. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
Elke soort sin het sy eie funksie - om iemand te **bevee**l, **uit te roep**, 'n **stelling** te maak of 'n **vraag** te vra.

'n Uitroepsin skree iets uit. 'n Stelsin maak 'n stelling.

---

21. moeilikheid | probleme | ellende | sorge | bekommernisse 3 punte

**Verduideliking:**
Hierdie idioom herinner ons daaraan dat alhoewel ander mense dikwels lyk asof hulle lewens sorgvry is, hulle ook hulle eie probleme het waarvan ons dalk nie weet nie.

---

22. uitgespreek | skryf 2 punte

**Verduideliking:**
As ons 'n **afkorting** lees, spreek ons die **oorspronklike woord of woorde** voluit uit.

---

23. waar 2 punte

**Verduideliking:**
**Attributief** = (*n* ***kort*** *rok*; *die* ***opgewonde*** *gehoor*)

**Predikatief** = (*die rok is* ***kort****; die gehoor is* ***opgewonde***)

---

24. Johan, slaan, die bal | Johan, slaan, bal | Johan, slaan, die bal. | Johan, slaan, bal. 3 punte

**Verduideliking:**
'n Enkelvoudige sin kan in drie dele opgedeel word, naamlik die **onderwerp (wie?)**, **gesegde (doen?)** en **voorwerp (wat?).**

---

25. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
**Bedrywende vorm:** Die onderwyser sal voor die eksamen baie huiswerk gee.

---

26. B: nou 4 punte

**Verduideliking:**
Omdat ons in die **indirekte rede** iets vertel wat reeds gebeur het, verander die **tydwoorde**.

---

27. ABSA 3 punte

**Verduideliking:**
Hierdie akroniem (ABSA) word as 'n **gewone woord** uitgespreek en is dus 'n **letterklankwoord.**


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

28. tyd | hulpwerkwoord van tyd | "Het" is 'n hulpwerkwoord van tyd. 3 punte

**Verduideliking:**
Die hulpwerkwoord help die werkwoord en die sin om in ‘n ander **tydsvorm** te wees. "Het" help om te wys in watter "tyd" die sin afspeel.

---

29. Hulle oefen 3 keer 'n week, daarom speel hulle goeie rugby. | Hulle oefen drie keer 'n week, daarom speel hulle goeie rugby. 3 punte

**Verduideliking:**
'n Voegwoord is nodig om die twee sinne as een sin te skryf. Byvoorbeeld:

**Tania is siek, _maar_ sy het skool toe gekom.**

---

30. waar 2 punte

**Verduideliking:**
EBW is 'n skoolvak in die Senior Fase (graad 7 tot 9).

---

**Totaal:** 104 Punte



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*